

MEDI-CLINIC KORPORASIE BEPERK

Reg. No. 1983/010725/06

Aandeelkode: MDC

ISIN-kode: ZAE000004370

(Medi-Clinic – Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

TUSSENTYDSE VERSLAG

Ongeouditeerde resultate van Medi-Clinic Korporasie Beperk
en sy filiale vir die ses maande geëindig
30 September 2005



MEDI-CLINIC

Privaat hospitaalgroep

Toegewy aan Gehaltesorg

HOOGTEPUNTE

- Groei in inkomste: **14%**
- Wesensverdienste per aandeel groei: **14%**
- Verdeling per aandeel styg: **24%**

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	6 maande tot 30/09/05 R'000	Styging %	6 maande tot 30/09/04 R'000	Jaar tot 31/03/05 R'000
Inkomste	2,278,021	14	2,002,263	4,039,907
Koste van verkope	(1,258,035)		(1,124,189)	(2,236,117)
Administrasie- en ander bedryfskoste	(548,079)		(479,441)	(984,603)
Bedryfswins (EBITDA)	471,907	18	398,633	819,187
Dividend	964		821	1,705
Rente ontvang	37,873		26,944	57,051
Inkomste vanaf geassosieerdes	13,299		12,567	24,776
Wins met verkoop van toerusting	331		768	667
Vergoeding vir beëindiging van ooreenkomste	–		–	50,000
Klandisiewaarde waardedaling	–		(2,410)	(2,913)
Waardevermindering	(56,348)		(46,420)	(97,117)
Finansieringskoste	(12,091)		(15,141)	(29,450)
Wins voor belasting	455,935		375,762	823,906
Belasting	133,288		103,712	214,154
Wins vir die periode	322,647		272,050	609,752
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouders van die maatskappy	276,270		238,255	543,227
Minderheidsbelange	46,377		33,795	66,525
	322,647		272,050	609,752
Wesensverdienste-rekonsiliasie:				
Toeskryfbare verdienste	276,270		238,255	543,227
Klandisiewaarde waardedaling	–		2,410	2,913
Wins met verkoop van toerusting	(331)		(768)	(667)
Na-belaste vergoeding vir beëindiging van ooreenkomste	–		–	(42,500)
Toeskryfbare wesensverdienste	275,939	15	239,897	502,973
Wesensverdienste per gewone aandeel - sent	80.3	14	70.2	146.9
Verdienste per gewone aandeel - sent	80.4		69.7	158.7
Verdeling per gewone aandeel - sent				
Dividend	16.5		–	18.8
Kapitaalverdeling	–		13.3	26.2
	16.5	24	13.3	45.0

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	30/09/05 R'000	30/09/04 R'000	31/03/05 R'000
Bates			
Nie-bedryfsbates	2,346,459	2,195,345	2,246,880
Eiendom, aanleg en toerusting	2,104,773	1,967,510	1,997,278
Ontasbare bates	47,829	47,449	48,144
Beleggings - ongenoteerd	109,209	107,105	113,856
Uitgestelde belasting	84,648	73,281	87,602
Bedryfsbates	1,616,656	1,207,768	1,510,170
Voorraad	140,039	137,579	136,434
Debiteure en vooruitbetalings	495,609	481,284	525,211
Kontantmiddele	981,008	588,905	848,525
Totale bates	3,963,115	3,403,113	3,757,050
Ekwiteit en aanspreeklikhede			
Totale ekwiteit	3,125,446	2,640,208	2,928,346
Aandelekapitaal en reserwes	2,868,243	2,427,080	2,693,411
Minderheidsbelange	257,203	213,128	234,935
Totale laste	837,669	762,905	828,704
Langtermyn rentedraende skuld	144,357	174,482	159,214
Langtermyn rentevrye skuld	82,170	63,892	72,870
Korttermyn rentedraende skuld	51,271	63,922	80,362
Rentevrye skuld en voorsienings	559,871	460,609	516,258
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	3,963,115	3,403,113	3,757,050
Aantal gewone aandele ('000)	344,659	342,646	343,618
Geweegde aantal gewone aandele ('000)	343,817	341,834	342,368
Netto batewaarde per gewone aandeel - sent	832	708	784
Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings	142,112	152,479	153,333

STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	30/09/05 R'000	30/09/04 R'000	31/03/05 R'000
Openingsaldo	2,928,346	2,480,459	2,480,459
Verdeel aan aandeelhouders	(108,930)	(96,022)	(141,594)
Verdeel aan minderhede	(24,133)	(21,388)	(33,786)
Wins vir die periode	322,647	272,050	609,752
Beweging in aandele gehou in tesourie	6,050	5,659	11,439
Ander bewegings	1,466	(550)	2,076
	<u>3,125,446</u>	<u>2,640,208</u>	<u>2,928,346</u>

GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	30/09/05 R'000	30/09/04 R'000	31/03/05 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	320,664	255,431	584,064
Kontant deur bedrywighede voortgebring	562,204	493,636	922,813
Netto finansieringsinkomste	25,782	11,803	29,306
Vergoeding vir beëindiging van ooreenkomste	–	–	50,000
Belasting betaal	(134,259)	(132,598)	(242,675)
Verdelings aan aandeelhouders	(108,930)	(96,022)	(141,594)
Verdelings aan minderhede	(24,133)	(21,388)	(33,786)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(150,283)	(100,773)	(178,394)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	(37,898)	(16,821)	(8,213)
Netto beweging in kontantmiddele	132,483	137,837	397,457
Openingsaldo van kontantmiddele	848,525	451,068	451,068
Eindsaldo van kontantmiddele	<u>981,008</u>	<u>588,905</u>	<u>848,525</u>

Dit is aangenaam om verslag te doen dat die groep sy bestendige groeipatroon gehandhaaf het. Terwyl strategiese inisiatiewe en beleggings gemik op die uitbreiding van die groep se bedrywighede in Suid-Afrika en in die buiteland geïmplementeer is, het die groep se omset en verdeling aan aandeelhouders verhoog

FINANSIËLE OORSIG

Inkomste, wat grotendeels bestaan uit hospitaalgelde gehef, het gedurende die ses maande onder oorsig met 14% tot R2 278 miljoen (2004: R2 002 miljoen) gegroei, terwyl bedryfsinkomste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (EBITDA) met 18% tot R472 miljoen (2004: R399 miljoen) toegeneem het. Wesensverdienste het met 15% tot R276 miljoen (2004: R240 miljoen) gestyg, terwyl wesensverdienste per gewone aandeel met 14% tot 80,3 sent (2004: 70,2 sent) verhoog het. Die tussentydse verdeling van 16,5 sent (2004: 13,3 sent) per gewone aandeel verteenwoordig 'n styging van 24%.

BEDRYFSOORSIG

ER24 het met ingang van 1 April 2005 'n volfiliaal van die groep geword. Die huidige oorsigperiode se resultate is gevolglik nie direk vergelykbaar met die resultate van dié periode in die vorige jaar nie. Met uitsluiting van ER24 se omset, het die groep se omset met 12% verhoog.

Die groei van 12% in omset is behaal deur 'n styging van 6,6% in beddae, 'n toename van 4% in die gemiddelde inkomste per beddag en 'n verandering van 1,4% ten opsigte van die gevalleprofiel van pasiënte behandel. Die toename geld vir chirurgiese sowel as mediese gevalle. Die getal pasiënte wat tot ons hospitale toegelaat is, het met 6,3% toegeneem, terwyl die gemiddelde lengte van verblyf effens langer was, hoofsaaklik omdat die gemiddelde lengte van verblyf by mediese gevalle langer was.

Die toename van slegs 4% in die gemiddelde inkomste per beddag verkoop is, soos na verwys in vorige verslae, die resultaat van die suksesvolle inbedryfstelling van die totale deursigtige verkrygingsprysmodel ("NAP-model") op alle farmaseutiese items. Die NAP-model het die groep in staat gestel om op beide medisyne en geskeduleerde middels en chirurgiese verbruiksgoedere as koste-items te fokus, wat op 'n beduidende verlangsame van farmaseutiese prysinflasie en in sommige gevalle 'n vermindering in die koste van farmaseutiese verbruiksamenstelling gelei het. Hierdie toename is aansienlik laer as die algemene en gesondheidsorginflasie wat in die vergelykbare periode ondervind is en daar word verwag dat dié neiging sal voortduur.

Die groep se EBITDA marge het toegeneem van 19,9% tot 20,7% hoofsaaklik as gevolg van verbeterde bedryfsdoeltreffendhede. Die verbeterde prestasie van die Curamed-groep in Pretoria het verder tot die verhoogde marge bygedra.

Die groep het begin om dividende te betaal in plaas van kapitaaluitkerings uit aandeelpremie te maak soos in die vorige verslagtydperk. Dit het die betaling van Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) op die dividende tot gevolg gehad en het daartoe bygedra dat die groep se effektiewe belastingkoers van 27,6% tot 29,2% toegeneem het. Hoewel die belastingkoers vir maatskappye met 1% tot 29% verlaag is, het hierdie vermindering die gevolg gehad dat daar 'n bykomende eenmalige heffing van ongeveer 0,7% op die belastinglyn was om die saldo van uitgestelde belasting, wat in die groep se geval 'n debietsaldo is, na die laer belastingkoers aan te pas. Die betaling van SBM sal 'n permanente uitwerking op die groep se effektiewe belastingkoers hê en sal van die groep se toekomstige dividendbeleid afhang.

Gesonde kontantvloei is gedurende die tydperk onder oorsig gehandhaaf, hoofsaaklik as gevolg van meer doelmatige bedryfskapitaalbestuur. Die groep het 119% (2004: 124%) van sy EBITDA omskep in kontant uit bedrywighede voortgebring. Kontantmiddele het van R849 miljoen op 31 Maart 2005 tot R981 miljoen toegeneem, na die finansiering van kapitaalbesteding. Rentedraende skuld het van R240 miljoen op 31 Maart 2005 tot R196 miljoen verminder, wat tot die versterking van die skuldverhouding van 9% tot 6% gelei het. Die groep se gesonde kontantvloei beklemtoon steeds die gehalte van sy verdienste.

Kapitaalbesteding vir die oorsigperiode beloop R144 miljoen (2004: R98 miljoen). Kapitaalverpligtinge (insluitende bedrae goedgekeur maar nog nie gekontrakteer nie) beloop R373 miljoen (2004: R354 miljoen).

STRATEGIESE AANGELEENTHEDE

Die groep het aan die begin van die jaar drie strategiese doelwitte gestel, naamlik die implementering van 'n Swart Ekonomiese Bemagtigingsinisiatief (SEB), die ondersoek na alternatiewe gemik op die optimale benutting van die groep se kapitaalstruktuur en die verskerping van ondersoeke na betekenisvolle geleenthede in die buiteland. Beduidende vordering kan op elkeen van hierdie doelwitte gerapporteer word.

SEB

Die groep sien homself as 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse politieke, maatskaplike en ekonomiese gemeenskap en het gevolglik met 'n proses begin wat daarop gemik is om die volgende doelwitte te behaal:

- transformasie van Medi-Clinic as 'n groeiende maatskappy terwyl dit voortgaan om 'n leierskaprol in die gesondheidsorgsektor van Suid-Afrika te vervul;
- aktiewe deelname deur swart vennote in die bestuur van Medi-Clinic;
- deelname van werknemers aan 'n aandeel-eienaarskapsprogram;
- handhawing van finansiële neutraliteit tussen bestaande aandeelhouers, tot die mate wat dit moontlik is; en
- 'n verbintenis deur alle aandeelhouers tot die gesamentlike skep van welvaart in Medi-Clinic.

Met die uitvoering van hierdie doelwitte, het die groep 'n aanvanklike SEB-transaksie met 'n totale waarde van R1.1 miljard op 4 Oktober 2005 aangekondig, waardeur effektief 15% van die groep nou deur 'n breë-basis groep van swart entiteite, wat Medi-Clinic-personeel insluit, besit sal word.

Die SEB-transaksie behels die voorgestelde betrokkenheid van twee strategiese swart vennote, Phodiso Holdings Beperk ("Phodiso") en Circle Capital Ventures (Eiendoms) Beperk ("Circle Capital"), wat gesamentlik 11% van die groep sal verkry. Die Mpilo Trust, 'n werknemersaandeeltrust, sal 'n verdere 4% hou. Sowat 11 000 werknemers, van wie 52% swart en 89% vroue is, sal uit die trust bevoordeel word.

Daar word voorgestel dat die SEB-transaksie, wat op 4 Oktober 2005 aangekondig is, geïmplementeer word teen makwaarde van R18,40 per aandeel, wat bereken is as die 30-dae volume geweege gemiddelde prys van die groep se aandele soos verhandel op die JSE Beperk tot die sluiting van besigheid op 30 September 2005.

Met die implementering van die inisiatief, wat na verwagting 19 Desember 2005 sal wees, sal Phodiso 6,875% en Circle Capital 4,125% van die groep besit. Hul eienaarskap sal gedeeltelik bewerkstellig word deur die aankoop van bestaande aandele (4.25%) van die groep se aandeelhouers ingevolge 'n reëlinskema ("die skema") ten bedrae van ongeveer R280 miljoen, en gedeeltelik deur die uitreik van nuwe aandele teen pari ter waarde van ongeveer R525 miljoen. Die aankoop van die bestaande aandele sal deur die strategiese vennote self gefinansier word deur eie kapitaal van R80 miljoen te voorsien en R200 miljoen van Standard Bank. Ten opsigte van die aandele wat teen pari uitgereik word, sal die groep geregtig wees om alle dividende wat deur die strategiese vennote op hul belang van 11% in die groep verdien word, te ontvang totdat die R525 miljoen minus die pariwaarde van die aandele op dié wyse verkry, aan die groep terugbetaal is.

Die Mpilo Trust sal befonds word deur middel van kapitaalbydraes ten bedrae van R290 miljoen deur die groep se bedryfsfiliale wat die trust in staat sal stel om 4% in die groep teen markwaarde te bekom. Die kapitaalbydraes plus 'n koep van 70% van die prima-rentekeers wat van tyd tot tyd van toepassing is, sal deur die bedryfsfiliale verhaal word deurdat 80% van alle gewone dividende en 100% van alle spesiale dividende wat deur die trust op sy aandeelhouding in die die groep verdien word aan hulle toeval. Van al die gewone dividende wat deur die trust verdien word, sal 20% aan deelnemende werknemers betaal word.

'n Nie-vervreemdingsperiode van 10 jaar is op die strategiese swart vennote sowel as die deelnemende werknemers in die Mpilo Trust van toepassing.

Die SEB-transaksie is onderhewig aan etlike opskortende voorwaardes, onder meer die goedkeuring van die skema deur die groep se aandeelhouers en die bekragtiging daarvan deur die Hof, asook aandeelhouersgoedkeuring vir die uitreiking van aandele en die skepping van die Mpilo Trust. Die Kaapse Hooggeregshof het op 27 Oktober 2005 gelas dat die skemavergadering op 23 November 2005 sal plaasvind. 'n Omsendbrief wat volledige besonderhede van die SEB-transaksie, die finansiële uitwerking daarvan en die voorgestelde tydrooster verskaf, is op 1 November 2005 aan aandeelhouers gepos.

Om uitvoering te gee aan een van die groep se kern SEB-doelwitte, naamlik die aktiewe deelname deur swart vennote aan die bestuur van die groep, is dr. Nkaki Matlala ('n opgeleide chirurg en 'n uitvoerende direkteur van Phodiso) voltyds as Direkteur: Kliniese Betrekkings aangestel met verteenwoordiging op die Uitvoerende Komitee van die groep. Hy het vinnig gevestig geraak en het reeds op verskeie vlakke in die groep 'n positiewe bydrae gelewer en ons sien uit na sy voortgesette insette en deelname.

Soos vroeër genoem, ondersteun Medi-Clinic die formulering van 'n Gesondheidsorghandves. Die groep sal deur die Hospitaalvereniging van Suid-Afrika ("HASA") op die tweede raamwerk kommentaar lewer.

Kapitaalherstruktureringsprogram

Medi-Clinic het ook op 4 Oktober 2005 'n kapitaalherstruktureringsprogram aangekondig wat ten doel het om die opbrengs op die groep se aandeelhouersekswiteit te verhoog. Dit behels die aangaan van skuld ter waarde van R700 miljoen. Hierdie fondse sal aangewend word om die bestaande intermaatskappyskuld in die groep af te los. Die aangaan van hierdie skuld in verhouding tot die fasiliteite deur Standard Bank gereël, sal voldoende kapasiteit vir die groep laat om toekomstige strategiese inisiatiewe te finansier en op uitbreidingsgeleenthede te kan reageer.

'n Spesiale dividend van sowat R1.6 miljard is ook verklaar, wat gelyk is aan R4,02 per aandeel.

Verdere besonderhede van die kapitaalherstrukturering, die finansiële uitwerking daarvan asook die tydrooster vir die spesiale dividend is vervat in 'n omsendbrief wat op 1 November 2005 aan aandeelhouers gepos is.

Geleenthede in die buiteland

Vordering is gemaak met die groep se pogings om geleenthede in die buiteland te verken. Die groep het op 24 September 2005 'n samewerkingsooreenkoms met United Eastern Medical Services van Abu Dhabi gesluit. Daar word voorsien dat die suksesvolle afhandeling van die nodige ondersoeke binne 'n paar maande tot die ontwikkeling van ten minste een nuwe hospitaal in Abu Dhabi sal lei.

Ander geleenthede in Afrika en ander lande word ook ondersoek.

BEKOSTIGBAARHEID VAN GESONDHEIDSORG

Bekostigbaarheid sal altyd 'n kritiese aangeleentheid in die gesondheidsorgbedryf bly, veral in ontwikkelende lande.

Die groep gaan dus voort met sy pogings om die bekostigbaarheid van gesondheidsorg in Suid-Afrika te verbeter. Medi-Clinic se initiatief met die NAP-model (waarna hierbo verwys is) vir medisyne en geskeduleerde middels asook chirurgiese verbruiksgoedere het groter deursigtigheid in die pryse van dié items meegebring en het bygedra om die stygende inflasie van hierdie pryse tot 'n effektiewe stilstand te bring.

Die privaat hospitaalbedryf erken die behoefte om die koste van privaat hospitale behoorlik in perspektief te plaas en om die onderliggende koste-drywers in 'n deursnee privaat hospitaal in Suid-Afrika te verduidelik. Derhalwe het HASA, waarvan Medi-Clinic nog altyd 'n lid was, onafhanklike navorsing van die koste-drywers en ander veranderlikes wat die uitgawes van privaat hospitale beïnvloed, geloods. Die resultate van hierdie in-diepte en omvangryke studie behoort teen die eerste kwartaal van 2006 afgehandel te wees. Die bevindings en resultate sal openbaar gemaak word sodra dit gefinaliseer is.

VERANDERING AAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Dr. Vincent E Msibi, voorsitter van Phodiso, is op 9 November 2005 deur die direksie as 'n nie-uitvoerende direkteur gekoöpteer. Ons verwelkom hom en sien uit na sy positiewe bydrae tot die groep.

VOORUITSIGTE

Die groep is van voorneme om sy geskiedenis van bestendige groei met voldoening aan die mark se behoeftes as grondslag, voort te sit. Dit impliseer verhoogde benutting en uitbreiding van fasiliteite en dienste in sy kernvaardighede, met deurlopende verbeterings in doeltreffendheid. Benewens hierdie intern gedrewe groeifokusareas, behoort die regering se initiatiewe wat daarop gemik is om die lidmaatskap van mediese skemas te vergroot, 'n positiewe uitwerking op groei in die bedryf oor die langer termyn te hê. Dit is egter te vroeg om die waarskynlike resultaat van hierdie initiatiewe te voorspel.

Die transaksie ingevolge waarvan die groep 'n belang van 49,9% in die Universiteit van Witwatersrand Donald Gordon Mediese Sentrum met 190 beddens vir R60 miljoen verkry het, saam met 'n bestuurskontrak, is op 12 Oktober 2005 deur die mededingingsowerhede goedgekeur.

Phodiclinics (Eiendoms) Beperk, waarvan 51% deur Medi-Clinic en 49% deur Phodiso besit word, het die hospitale van die 200-bed Protector-groep verkry wat hoofsaaklik uit die Medivaal MediCentre in Vanderbijlpark bestaan. Die transaksie moet nog deur, onder meer, die mededingingsowerhede goedgekeur word.

Groot skaalse opgraderings by Morningside Medi-Clinic en Sandton Medi-Clinic van ongeveer R100 miljoen elk om hul mededingendheid in hierdie besonder hoë inkomste-area te verseker, vorder goed. Uitbreidings by Durbanville Medi-Clinic en Pietermaritzburg Medi-Clinic, sowel as 'n projek by Nelspruit Medi-Clinic bestaande uit bykomende spreekkamers en die opgradering van die oorspronklike hospitaal is ook aan die gang. Roetine opgraderings duur voort by verskeie hospitale en die strategiese opgradering van die Pretoria-hospitale is in die beplanningsfase.

Die groep is optimisties oor sy vooruitsigte vir die volgende ses maande.

GRONDSLAG VAN VOORBEREIDING

Die tussentydse resultate is opgestel ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet en die Noteringsvereistes van die JSE.

In terme van die Noteringsvereistes van die JSE moet die groep vanaf 1 April 2005 die gekonsolideerde finansiële state in ooreenstemming met IFRS voorberei. Die oorgangsdatum na IFRS is 1 April 2004 wat die begin van die eerste periode waarvoor vergelykende inligting verskaf word, verteenwoordig. Die groep se openingsbalansstaat, soos op 1 April 2004, is daarom aangepas om alle IFRS standpunte wat verwag word om op 31 Maart 2006 van toepassing te wees te reflekteer.

Die effek van die oorgang vanaf Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (SA AARP) na IFRS op die groep se bates, ekwiteit en netto wins word verduidelik op bladsy 8 tot 15 van die Engelse verslag.

TUSSENTYDSE DIVIDEND AAN AANDEELHOERS

Dit is vir die raad van direkteure aangenaam om aan te kondig dat 'n tussentydse dividend van 16,5 sent per gewone aandeel verklaar is.

Die volgende datums is ooreenkomstig STRATE se vereistes bepaal:

Laaste datum van verhandeling cum dividend

Vrydag, 2 Desember 2005

Eerste datum van verhandeling ex dividend

Maandag, 5 Desember 2005

Rekorddatum

Vrydag, 9 Desember 2005

Betaaldatum

Maandag, 12 Desember 2005

Aandeelsertifikate mag nie van Maandag, 5 Desember 2005 tot Vrydag, 9 Desember 2005, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Geteken namens die raad van direkteure:

E DE LA H HERTZOG

Voorsitter

Stellenbosch, 9 November 2005

LJ ALBERTS

Besturende Direkteur

ADMINISTRASIE

MAATSKAPPYSEKRETARIS

G C Hattingh

BESIGHEIDSADRES EN GEREГИSTREERDE KANTOOR

Medi-Clinic Kantore, Strandweg, Stellenbosch, 7600

Posadres: Posbus 456, Stellenbosch, 7599

Tel: +27 21 809 6500 Faks: +27 21 886 4037

E-POS EN WEBTUISTE

medimail@mediclinic.co.za • <http://www.mediclinic.co.za>

OORDRAGSEKRETARISSE

Computershare Investor Services 2004 (Eiendoms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001

Posadres: Posbus 61051, Marshalltown, 2107

Tel: +27 11 370 7700 Faks: +27 11 688 7716

BORG

Rand Aksepbank, 'n divisie van FirstRand Bank Beperk

RAAD VAN DIREKTEURE

VOORSITTER

E de la H Hertzog

NIE-UITVOERENDE DIREKTEUR

W E Bührmann

ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

S Dakile-Hlongwane

W P Esterhuyse

A R Martin

V E Msibi

A A Raath

ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

M A Ramphela

C I Tingle

W L van der Merwe

UITVOERENDE DIREKTEURE

L J Alberts

J du T Marais

D P Meintjes

J G Swiegers